Manne wat 'n verskil maak

Amanda Buys se Geestelike Dekking

Hierdie is ‘n produk deur *Kanaän Bedieninge*, ‘n nie-winsgewende bediening onder die dekking van:

- Roly, haar eggenoot vir meer as 35 jaar.

- *River of Life Family Church*
  Pastoor Edward Gibbens
  Vanderbijlpark
  Suid-Afrika
  Tel: +27 16 982 3022
  Faks: +27 16 982 2566
  E-pos: sharmain@rolfc.co.za

Daar is geen kopiereg op hierdie materiaal nie. Geen gedeelte van hierdie materiaal mag egter gereproduseer en/of aangebied word vir **persoonlike** gewin nie. Alle regte van hierdie materiaal word voorbehou om die Koninkryk van die Here Jesus Christus **ALLEENLIK** te bevorder.

Vir verdere inligting of die plaas van ‘n bestelling, kontak ons asb. by:

Posbus 15253
Panorama
7506
Kaapstad
Suid-Afrika

John Vorsterrylaan 27
Plattekloof Uitbr. 1
Panorama 7500
Kaapstad
Suid-Afrika

Tel.: +27 (0) 21 930 7577
Faks: 086 681 9458
E-pos: kanaan@iafrica.com
Webblad: www.kanaanministries.org
Kantoorure: Maandae tot Vrydae, 9 VM – 3 NM

Kanaan In Europa - Basel

Kanaan Ministries Europe
Oikos International Church
Stiftung b/e/t/e/
Reinacherstrasse 1-3
CH-4142 Münchenstein
Basel, Switzerland
Telefoon: +41 (0) 61 332 15 40
Faks: +41 (0) 61 332 15 69
E-pos: kanaanministries@bete.net
Webblad: www.eu.kanaanministries.org

MANNE WAT 'N VERSKIL MAAK

INHOUD

INLEIDING	**4**
A: WAT MAAK 'N MAN 'N MAN?	**5**
B: DIE VIER PILARE VAN MANWEES	**7**
C: BLYKRAG: 'N MAN SE STERKPUNT	**9**
D: ONDER GESAG: 'N MAN EN SY LEIERSKAP	**11**
E: WARE MANNE STAAN SAAM	**20**

MANNE WAT 'N VERSKIL MAAK

INLEIDING

Dis moeilik om 'n man te wees - veral in 'n kultuur wat nie seker is wat manwees beteken nie.
Baie mans wonder: "Wat wil vroue hê?
Wat verwag mense van my?
Wat het my kinders nodig?"

LEIER. BESKERMER. VRIEND. MINNAAR.
Daar word van mans verwag om 'n groot verskeidenheid rolle te vervul. Dit kan uiters moeilik wees om 'n gesonde balans te handhaaf.
God het 'n kragtige bloudruk voorsien vir gebalanseerde manwees en my gebed vir hierdie naweek is dat Hy my as Sy mondstuk sal gebruik om aan julle te openbaar wat op Sy hart is omtrent hierdie baie belangrike saak.

In 'n wêreld wat baie seer het, is mense besig om te soek na antwoorde en oplossings vir al hulle probleme.Ek het al baie seer en gewonde mense oor die afgelope tien jaar bedien en het ontdek dat die grootste hartseer van 'n gebroke vaderverhouding kom.
Ons het swak kerke omdat ons swak gesinne het; ons het swak gesinne omdat ons swak huwelike het; ons het swak huwelike omdat ons swak eggenote en vaders het; ons het swak eggenote en vaders omdat niemand hulle nog ooit opgelei het nie!
Mag God hierdie naweek gebruik om diegene te herstel en te genees wat nooit 'n vader gehad het wat jou geleer wat dit beteken om 'n man van God te wees nie.

AFSKOP - VRAE:
1. **Hoekom het jy hierdie naweek gekom?**
2. **Wat maak regtig vir <u>JOU</u> saak?**
3. **Wat wil jy met jou lewe bereik?**
4. **As jou grafsteen uitgegrafeer word, watter woorde hoop jy verskyn daarop?**

A: WAT MAAK 'N MAN 'N MAN?

Ten eerste, die belangrikste, en bo alles is dit VISIE.
'n Visie van iets groter as hyself.
'n Visie van iets daar vèr voor.
'n Visie van 'n plek om te gaan.
'n Doel waarvoor jy jouself gee.
Noem dit 'n
* roeping
* 'n heuwel om te klim
* 'n berg om te oorwin
* 'n vasteland om te deurkruis.
'n Man moet vooruit visualiseer. Beraam. Vooruit dink. Sy oë oplig en die koers vooruit bepaal. Bepaal vooruit wat die maande en jare mag meebring.

Dit is die kern van sy leierskap. Dis die **"KONING"** in elke man---------
altyd op die uitkyk, op die hoede vir sy mense, een wat rigting en orde voorsien.
Mans misplaas gereeld hulle visie. Hulle fokus op huise, motors, bankbalanse en titels en dink dan dat hierdie dinge status en sekuriteit voortbring maar in werklikheid is daar geen status of sekuriteit sonder **VERHOUDINGS** nie.
Sake van karakter, die hart, die gees, integriteit, geregtigheid, nederigheid is waarin manne volpunte behoort te kry vir hulle voorsiening.

Manne, julle gesinne se oë is op julle; hulle maak staat op julle om die koers te bepaal, om die rigting vas te stel, om die pas aan te gee.

Die maatstaf waaraan 'n man gemeet word, is die geestelike en emosionele toestand van sy gesin. Die ware voorsiener het 'n visie van 'n huwelik met hegte bande; van seuns met karakter so sterk soos bome; van dogters met vertroue en diep innerlike skoonheid.
Sonder visie en leierskap, worstel en sukkel 'n gesin en kan hulle selfs die pad byster raak.

MANNE EN VROUE.

Manne het 'n Godgegewe neiging om op en uit te kyk en voorwerpe in die verre toekoms te onderskei.

Vroue het die neiging om die "fyndruk" van verhoudings te lees. 'n Vrou is eenvoudig 'n beter leser. Haar fokus op mense en situasies op hande, is beter. Sy kan dadelik onderskei wat in die gees gebeur, in 'n stemtoon, in 'n gesigsuitdrukking. Vroue plaas meer klem op detail en sekuriteit.

Manne moet hul Godgegewe vermoë vir afstandsvisie gebruik om hulle gesinne te bemoedig en om aan hulle hoop en sekuritiet te gee. As hulle nie kan of wil nie, ly die persone onder hulle dak skade.

VRAE:

1. **Manne, wanneer laas het jy 'n vyfjaarplan vir jou gesin ontwikkel?**
2. **Het jy selfs daarvan gedroom?**
3. **Het jy dit met jou vrou gedeel?**
4. **Het julle dit saam vervolmaak?**
5. **Met die kinders gedeel?**

B: DIE VIER PILARE VAN MANWEES.

DIE MAN EN SY GODDELIKE WORTELS.

Vier lewensritmes klop in die are van elke manlike kind:

- **KONING**
- **KRYGER**
- **MENTOR**
- **VRIEND**

 # In die mate waartoe hulle gebalanseerd is, is die beeld duidelik en weerkaats hulle die lig van die Een na wie se beeld hulle geskape is.
 # In die mate waartoe hulle misbruik word, is die beeld verwronge, kwyn die man en ervaar diè rondom hom pyn.

KONING.
Die man is gemaak om heerskappy uit te oefen.
Die hart van die koning is 'n hart van voorsiening.
Hy kyk vooruit, waak oor en verskaf orde, genade en geregtigheid.
Hy is outoriteit.
Hy is leier.
Hy staan "onder bevel" van die Hoër Gesag.

KRYGER.
God sluit Sy Boek af op 'n wit oorlogsperd in 'n bebloede kleed met 'n swaard in Sy mond en 'n ysterstaf in Sy hand.
Die Boek sluit met 'n kreet, nie met 'n piep nie.
Die hart van 'n kryger is 'n hart van beskerming.
Die kryger skerm, verdedig, staan tussen en hou wag.
Manne is op hul sterkste wannneer hulle beskerm en verdedig.
'n Kryger is diè een met hoë morele standaarde en diè een wat hoë beginsels handhaaf.
Hy is gewillig om volgens hulle te lewe, om vir hulle op te staan, om homself uit te giet vir hulle en om vir hulle te sterf as dit nodig mag wees.

MENTOR.
Hierdie funksie word in die Bybel beveel in die vorm van "onderrig hulle om waar te neem" en "te dissiplineer."
Die hart van 'n mentor is 'n hart van 'n leraar.
Hy vorm, verduidelik en lei op.
Manne is veronderstel om in staat te wees om ander van die lewe te leer.
Hy is veronderstel om dinge te weet.

VRIEND.
Die hart van 'n vriend is 'n hart van liefde.
Dit is 'n hart wat omgee.
Barmhartig.
Verbond-maker.
Belofte-houer.

Manwees beteken Inisiasie.
Die Hebreeuse woord vir man: "Ish" - penetreerder.
Die term vir 'n vrou is: "Isha" - gepenetreerde.

In sy wese is 'n man 'n inisieerder - 'n binnedringer, een wat indring, wat vorentoe beweeg, wat aanvoer, wat lei.
By die kern van manwees is inisiasie - die voorsiening van rigting, sekuriteit en verbintenis.
'n Kompas sonder 'n naald is nie 'n kompas nie; net so is 'n man sonder inisiatief geen man nie.

Inisiatief is die fondasie van manwees.
* Dit beteken die omsien na en die ontwikkeling van julle maats, julle kinders en julleself;
* Dit beteken om leiding te neem waar dit kom by verskoning vra;
* Dit beteken om leiding te neem by die soeke na vergifnis;
* Dit beteken om leiding te neem waar dit kom by kwesbaarheid.

C: BLYKRAG : 'N MAN SE STERKPUNT.

Om beloftes te maak en hulle na te kom.
Weiering om weg te draai van sy verbintenis.
Dit is hierdie blykrag wat 'n man 'n man maak en sy kenmerk is.

~ Nie "bungy jumping" of rugby nie
~ Beslis nie om jou vrou te los nie.
~ Nie om jou gesin te verlaat nie.
Die vloek van vandag is nie so seer die Vigs-epidemie nie, as wat dit manne is wat nie weet wat dit beteken om man te wees nie en wat weghardloop van hulle vroue en gesinne.

Newsweek - joernaal berig:
*** Gedurende die grootste gedeelte van die sewentigs en tagtigs het 'n miljoen kinders aanskou hoe hulle ouers skei;**
*** meer as 15 miljoen kinders word groot in huise sonder vaders;**
*** 70% van mans in tronke het grootgeword sonder vaders.**

Ons wêreld val uitmekaar:
weens 'n gebrek aan konings, krygers, mentors en vriende;
weens 'n gebrek aan manne wat bly;
weens 'n gebrek aan manne wat doen wat hulle sê.
Om jou woord te hou is van kritieke belang.
Die roeping van elke man is om stabiliteit te bied in 'n wêreld vol chaos.

Ons lewe in 'n "hoop so" - wêreld. Daar is min dinge wat seker is in die lewe:
Ons "hoop":
~ dat ons huwelike sal uitwerk;
~ dat ons vervulling sal vind;
~ dat dit goed sal gaan met ons kinders;
~ dat ons in staat sal wees om 'n goeie werk te behou.
'n Ware man bring sekuriteit aan die wêreld deur die krag van 'n belofte.

Beloftes maak en nakom, is die hart van goddelikheid.
In die hart van God - in die kern van Sy wese - is die maak en nakom van beloftes.
Die hele Bybel berus op 'n belofte - 'n reeks verbonde.

Uit die hele wêreld kies twee mense, 'n man en 'n vrou, mekaar.
Daar sal altyd iemand anders wees wat mooier, meer intelligent, ryker, meer gevat, bekwaam, sensitief of sensueel is.
Maar die krag van die keuse, daardie belofte, behoort hulle bymekaar te hou sonder die begeerte om 'n "beter maat" te soek.
Die gif van vergelyking behoort heeltemal geneutraliseer en weggewas te word deur die gewyde teengif van 'n belofte.

Die hart van blykrag is **OPOFFERING -** om jouself prys te gee vir 'n ander.

Ons voorbeeld: DIE HERE JESUS CHRISTUS.

Toe Hy kon wegdraai van die kruis, het Hy al die pad volgehou tot by Golgota.
Toe Hy kon afkom van die kruis en die lyding vryspring, het Hy gebly.
Hy het al die pad volhard en "onder gebly" tot die oomblik aangebreek het toe Hy kon uitroep: "Dit is volbring!"

Hoekom het Hy dit gedoen?

Sodat deur Sy opstandingskrag in jou lewe, jy die tipe man kan word waarvoor Hy jou geroep het om te wees.
Jy kan aanhou en alles in die gesig staar wat die lewe of dood of hel na jou kant toe slinger----------omdat Hy dit alles vóór jou gedoen het!

D: ONDER GESAG: 'N MAN EN SY LEIERSKAP.

God, as die Hoogste Gesag, verkies om die man se rol in die huis te beskryf as "hoof."
Die bevele is alreeds eens en vir altyd oorhandig aan manne, eggenote en vaders.
Julle word beveel om te lei; dis nie opsioneel nie.
God het voorskrifte gegee rakende diè onder outoriteit:
~ onderwerp jou aan Christus;
~ wees ondergeskik aan;
~ gehoorsaam;
~ respekteer.
Aan manne is 'n sekere mate van outoriteit gegee, maar belangrikste van alles is dat hulle manne onder outoriteit is.

VRAE:
1. **Manne, kom julle onder Christus se outoriteit?**
2. **Het jy jou vrou lief soos jouself?**
3. **Is jy hard, streng of onbedagsaam teenoor haar?**
4. **Onderwerp jy jou aan die outoriteit van jou plaaslike kerkleiers?**
5. **Is jy bereid om jou te onderwerp aan mede - Christene?**

Voordat iemand kan lei, moet hy eers leer om te volg.
Manne, julle behoort seker te maak dat julle ook gehoorsaam is en dat julle 'n klimaat skep waar gehoorsaamheid kan floreer.

EGGENOOT beteken: "bestuurder"
"rentmeester"
"opsigter"
Om 'n eggenoot te wees, is om verantwoordelik te wees!

HOOF beteken: direkteur
hoofman
prinsipaal
belangrikste wees.

Die man is eerste geskape.
Manlike leierskap is deel van die oorspronklike plan.
Adam het nie aansoek gedoen vir die betrekking nie.
Daar is nie 'n onderhoud met hom gevoer vir die pos nie.
God wou dit so hê.

Die verantwoordelikheid:
Die man word verantwoordelik gehou vir die egpaar se sonde.
Eva het eerste van die vrugte geëet.
Adam het gevolg.
Maar die gevolg van Adam se sonde dat die menslike geslag veroordeel is.

DIE WOORD: "----------die oordeel volg vanaf een oortreding------" Rom 5: 12,16.

Die man as hoof, is verantwoordelik vir alles wat sy gesinnetjie doen of waarin hulle faal.

Die vrou in verhouding met die man:
1. Sy is gemaak vir die man.
2. Sy is gemaak vanuit die man.
3. Sy is gebring na die man toe.
4. Sy is benoem deur die man.

Manne, as eggenote is aan julle 'n trust gegee - 'n rentmeesterskap, 'n verantwoordelikheid, 'n plig - om die gawes van jou vrou te ontwikkel en te versorg.

NB. As jy daardie vertroue misbruik, faal jy in die kern van jou manwees. 'n Vrou is geskape vir voorsiening, beskerming en versorging.

Wat is die oplossing?
Manlike liefde. Dit is hoofskap met die klem op verantwoordelikheid, plig in opoffering. Nie rang of baasspelerigheid nie.
(As jy daarop aandring om die leier te wees, is jy dit gewoonlik nie!)

DIE WOORD: "Manne, julle moet julle eie vroue liefhê, soos Christus ook die gemeente liefgehad en Homself daarvoor oorgegee het." Efe 5:25

Streng heerskappy is nie Christus se manier nie.
Let op die verband: Hoofskap is verbind met verlosserskap. Die kern van verlosserskap is opoffering.
Die sleutel tot verlosserskap = bediening.

Wat is die behoeftes van 'n vrou?

1. Haar behoefte aan toegeneentheid - dit is TEERHEID.
2. Gesprek - deel jou hart.
3. Eerlikheid en openheid - geen geheime tussen ons nie.
4. Sekuriteit - fisiese en finansiële voorsiening.
5. Toewyding aan julle verhouding - Sy moet WEET sy is 'n prioriteit.

Respek, koester, bemin - DIT IS 'N PLAN VAN AKSIE!

VRAE:
1. Watter "taal" praat jou vrou?
2. Watter probleme ondervind jy wanneer jy dit probeer verstaan?
3. Watter vordering maak jy om dit te leer?
4. Hoe verstaan jy Petrus se woorde wanneer hy sê dat jou vrou die "swakker geslag" is?

DIE ONGELOOFLIKE KRAG VAN VADERSKAP.

Die kragtigste woord in Afrikaans is - PAPPA.
Dit strek oor geslagte : teenwoordig of afwesig
positief of negatief.
Die krag van 'n pa is ongelooflik.
Soos geen ander persoon nie, besit 'n pa 'n spesiale krag om ander se lewens te modelleer, te fatsoeneer en te vorm.
Die begrip van karakter vloei uit hierdie man se lewe: Waarde. Beginsels. Identiteit. Ankerpunte.

Aanhaling:
"I see many men walking around in mid-life with a sense of yearning for things they can't get from their wives and can't get from their jobs and can't get pull from inside themselves. I am convinced that what men are missing is a sense of their own identity - a very primitive and very deep sense of validation that passes from father to son - one generation to the next."

PAPPA-MAG WERK DUS IN SIKLUSSE.

PAPPA-MAG BEïNVLOED EN VORM GESLAGTE.

Jou Pappa-mag kan positief gebruik word (Ps 78:5,6). Die vierde geslagswet. Wanneer Pappa-mag volgens God se opdrag gebruik word, word die gevolge daarvan in die daaropvolgende geslagte gesien. Die wyse Pappa wat hierdie waarheid toepas, kan 'n nageslag nalaat wat werklik geseënd in die Here is.

Gedig deur 'n dogter wat deur haar pappa verkrag is vanaf die ouderdom van 5 jaar vir 'n tydperk van 9 jaar:

My Daddy.

"I don't want to be an adult
Adults do cruel things to children
I sure don't want to be a child
Children pay for their parents' sin
What's it like to really be a child
To run and jump and play?
I wonder how many children like me
Asked God to keep their Daddy away?
My daddy hurt me over and over again
Doing things that Daddies aren't supposed to do
He gave me treats and told me not to tell
And at first I thought that he loved me too
I'm told I have another Father
One who lives up in the sky
And I'm supposed to trust this man
Who didn't protect me and I don't know why."

PAPPA-MAG KAN NEGATIEF GEBRUIK WORD.

Pappa-mag wat geignoreer of misbruik word sal baie hartseer en gebrokenheid agternalaat.

1. 'n Man kan sy nageslag benadeel (Ex. 34:7).
2. 'n Man kan sy volk benadeel (Mal. 4:5,6).

PAPPA-MAG MOET BETEUEL WORD

a. Positiewe Pappa-mag benodig oop kommunikasielyne of effektief te kan funksioneer.

1. **Met die Hemelse Vader**

Dit is onmoontlik om 'n vader vir jou seun te word totdat jy eers 'n seun vir jou Vader geword het.

2. **Met jou aardse vader**

Het jy onafgehandelde besigheid met jou pa?

3. **Met toekomstige vaders**

Sien jou seuns as toekomstige kinderopvoeders.

b. Positiewe Pappa-Mag benodig 'n toegewydheid ("commitment"). Dit sal een van drie vorme aanneem:

1. Sommige sal aangaan met die siklus.
2. Sommige sal siklus moet inisieer.
3. Sommige sal ou siklus moet breek.

"When a child is down only a dad can help." **Die Woord noem dit Pappa-Mag.**

Stelling:
As die vader 'n aktiewe gelowige is, is daar ongeveer 'n 75% waarskynlikheid dat die kinders ook aktiewe gelowiges sal word. As slegs die ma 'n gelowige is, krimp hierdie waarskynlikheid na 15%.

Hoe verlang ons nie na ons vaders nie! Wat 'n kragtige invloed het ons vaders nie op ons nie : teenwoordig of afwesig
positief of negatief?

* As my eie pa dink dat ek nie waarde het nie, dan is ek waardeloos.
* As my eie pa my nie aanvaar nie, dan is ek onaanvaarbaar.
* As my eie pa my nie liefhet nie, dan kan niemand my liefhê nie.
* As ek waarlik waardeloos en onaanvaarbaar en onbeminlik is, dan kan God my mos ook nie regtig liefhê nie!

VRAE:

1. Wat onthou jy van jou vader?
Dink terug aan jou verlede: pa se harige arms
pa se liggaamsgeure.
Seuns word manne deur manne dop te hou, deur 'n noue verbintenis met manne.
2. Watter "video" het jy gesien terwyl jy grootgeword het?
3. Waaraan dink jy as jy die woord "pappa" hoor?
4. Hoe het die verhouding met jou eie pa die manier waarop jy vandag leef, beïnvloed?

JOU EIE KINDERS:

God het vaderskap aan die man gegee. Jy is verantwoordelik vir die ontwikkeling van jou kinders. God het dit nie aan jou vrou gegee nie.

DIE WOORD: O.T Gen 17:18,19; Ps 78:5,6.
N.T. Efe 6:4.

'n Paar Praktiese Punte----------vir Positiewe Vaderskap.

1. Streef die volledige vaderbeeld na. Lewe vir die hiernamaals in plaas van naweke. Dink groter as jyself.
2. Modelleer en onderrig respek vir gesag.
3. Help jou gesin om die groter prentjie te sien.
4. Verbind jou heelhartig aan die gesinseenheid.
5. Wees positief met die bou van vertroue by gesinslede.

Is die nakom van beloftes 'n belangrike deel van jou eie vaderskap - praktyk?

DIE WOORD: "Kyk, seuns is 'n erfdeel van die Here; die vrug van die moederskoot is beloning. Soos pyle in die hand van 'n held, so is die seuns van die jeug. Gelukkig is die man war sy pylkoker daarmee gevul het! Hulle sal nie beskaamd staan as hulle met die vyand in die poort spreek nie."
Ps 127: 3,4,5.

VRYLATING.

Julle kinders is nie bestem om binne die vier mure van die huis van hulle kinderjare vasgeklem te bly nie.
Die huis is 'n hulpmiddel om die kinders te modelleer, te vorm en te balanseer.
Maar as die oomblik aanbreek----------jong manne - en jong vroue - is gemaak om te vlieg.
Te vlieg na die teiken en die maksimum trefkrag daarop te hê.
Ons kinders is deur hulle Skepper ontwerp om trefkrag op die wêreld te hê.
Om te lewe vir 'n rede.
Om vooruit te snel na die doel.
Om die doel te bereik.

Vrylating is 'n Godgegewe verantwoordelikheid wat net so belangrik is as liefde in die ouer-kind-verhouding.
Sonder vrylating kan kinders nie groei nie.
Daarmee groei hulle in vertroue en onafhanklikheid om hulle potensiaal in die lewe te soek en te bereik.
Gee julle kinders wortels en vlerke.
Om God se ontwil, om húlle ontwil, om jóu ontwil, om die wêreld se ontwil, om die Koninkryk se ontwil, LAAT HULLE GAAN!

Vrylating is 'n wilshandeling omdat dit so baie van wat ons is, weerspreek en aansienlike pyn meebring.

Vrylating is egter 'n proses, nie 'n daad nie.
Dit is 'n lewenslange patroon, nie 'n impulsiewe besluit nie.
Die doel is om die kind vry te laat na volwassenheid en volle verantwoordelikheid vir sy of haar eie welsyn voor God volgens Sy doel. Julle laat hulle toe om groot te word.

Laat julle seuns gaan om voorsieners te word - **konings, krygers, mentors, vriende** - en te bly en te bly en te bly.

Laat julle dogters gaan om te wees waarvoor God hulle geskape het: **sterk in kameraadskap, bekwaamheid en die ontwikkeling van ander mense. 'n Voortreflike hulp.**

Ons behoort kinders te verwek wat emosioneel die huis kan verlaat; kinders wat iemand anders liewer kan kry as vir hulle eie ouers.

Hulle moet ook vrygelaat word tot volle verantwoordelikheid van hulle eie welsyn.
Dit sluit verantwoordelikheid in
~ vir hulle eie woonplek
~ vir hulle eie rekeninge
~ vir hulle eie versekering
~ vir hulle eie gesondheid
~ vir hulle eie verhoudings
~ vir hulle eie wandel met God.

Mag God julle krag gee om julle boë te vul en die wysheid om julle pyle vry te laat met geoefende bekwaamheid.
Soos die tyd op hierdie donker planeet tot 'n einde kom, moet elke pyl sekerlik tref!

VRAE:
1. Toe jou ouers jou vrygelaat het, was jy bewus daarvan?
2. Was daar voorwaardes aan verbonde?

E: WARE MANNE STAAN SAAM.

Ware manne is bereid om te sterf vir hulle vroue en kinders, maar tog is daar iets binne-in hulle wat smag na iemand wat saam met hulle sal sterf ---- iemand langs wie se sy hulle kan sterf ------- 'n ander man met dieselfde hart as hulle.

* Vriendskap vereis eerlikheid.
* Vriendskap vereis vertroue.
* Vriendskap vereis kwesbaarheid.

Manne wat intieme vriendskappe met ander manne verwaarloos het, ervaar die hantering van die middlejaarskrisis moeiliker en raak by aftrede die pad byster sonder die netwerk van vriende en ondersteuning.

Vandag se beeld van die onafhanklike man is dat hy weinig of geen emosionele behoeftes het nie; daarom praktiseer hulle nie-emosionele redes om bymekaar te wees.

VRAE:

1. Gee jy jouself aan iemand?

2. Maak jy oop vir iemand?

3. Hoe sal jy jou vriendskappe met ander mans beskryf: ongeërg, heg, intiem, nie-bestaande?

Die kern van alle betekenisvolle verhoudings, veral man tot man, is gedeelde waardes.

Hulle het nie noodwendig dieselfde bekwaamhede of talente of belange of stokperdjies nie.

Hulle pas stap vir stap aan by die waardevlak van hulle lewens: vroue, kinders, Koninkryk, bedieningsvisie, ens.

Met gedeelde waardes is jy bereid om saam te staan vir iets wat baie groter as jyself is.

Dis die kern van vriendskap.

Dis baie groter as golf of rugby. Baie wyer en dieper as visvang of jag.

Vlakke van kommunikasie.

1. Die clichè-vlak:

~ Hoe gaan dit? sonder om regtig te wag vir 'n antwoord.
~ Die graad van deursigtigheid is bykans geen.
~ Mense bly vreemdes.

2. Die feite-vlak:

~ Deel dit wat jy weet.
~ Die graad van deursigtigheid is effens meer.
~ Mense word nog al die tyd 'n entjie weggehou.
~ Dit laat hulle nie in nie.

3. Meningsvlak:

~ Deel dit mee wat jy dink.
~ Begin om 'n bietjie van jouself te deel maar hou nog steeds mense op 'n veilige afstand.
~ Kan nie verhoudings op menings bou nie.

4. Emosionele en deursigtige vlak:

~ om in werklikheid te deel wie jy is.
~ soos die graad van deursigtigheid toeneem, krimp die hoeveelheid mense met wie jy deel.
~ die vlak van vertroue en verbintenis en samevoeging bring baie dieper en sterker verhoudings mee.
~ emosionele kommunikasie beteken om verwagtings en vrese en afkeure en begeertes en teleurstellings en hartseer oor te dra.
~ dit is om wie jy is, oor te dra.
~ dit is om 'n deel van jouself te gee.